

Die Here se genade vra gehoorsaamheid en diens

In die vestiging en uitbreiding van God se koninkryk gebruik Hy mense. God gebruik egter nie alle mense nie. Slegs diegene wat in 'n lewende verhouding met Hom staan kan diensbaar wees in sy koninkryk. Hierdie lewende verhouding tussen God en sy kinders noem die Bybel 'n verbond. Daar is dus 'n ooreenkoms tussen God en sy volk; sy kinders wat werksaam in sy koninkryk wil wees.

In Eksodus 19 lê God weer sy verbond aan die nageslag van Jakob voor. Hy bevestig al sy beloftes aan sy volk en wys hulle daarop dat die ooreenkoms tussen Hom en hulle vir hulle uiters voordelig is. Daar is veral drie sake wat belowe word:

- Eerstens sal hulle konings wees. God plaas as 't ware 'n kroon op elkeen se hoof. Dit maak sy kinders iets besonders en laat hulle uittroon bo die wêreld om hulle. Hulle sal nooit weer knegte of slawe wees nie. Die groot Koning sal hulle enigste Koning wees.
- Tweedens sal hulle ook priesters wees, 'n koninkryk vol priesters wat aan God alleen toegewy is. Priesters het toegang tot God en kan vir ander by God intree. So sal hulle God dien en sy genade bedien. In God se koninkryk loop heerskappy en diensbaarheid hand aan hand.
- Derdens sal hulle sy eiendom wees. Letterlik staan hier dat hulle sy kosbare skat sal word. Verbondskinders ontvang dus die ereposisie wat vir geen ander skepsel beskore is nie.

Moses moet hierdie beloftes eers terugneem na die volk toe. 'n Verbond vereis dat die ander party daartoe moet instem, dit as bindend beskou. Sonder oorgawe en gehoorsaamheid bestaan daar geen verbond nie.

Elkeen van ons moet daaglik besef dat daar ook vir ons verbondsverpligtinge is.

Sing: Psalm 105:1, 5

Ds. CB Swanepoel (Nylstroom)